

H O O F S T U K I V .DIE KLEUTERSKOOL VIR BLANKE KINDERSIN SUID-AFRIKA IN BEGINSEL GESIEN.1. ENKELE BEGINSELS WAT DIE OPVOEDING TEN GRONDSLAG LÊ:a. LEWENSBEKOUING EN OPVOEDING:

De Hovre merk op dat elke lewensbeskouing n opvoedkundige teorie behels en elke opvoedkundige teorie gebou is op n lewensbeskouing.⁽¹⁾ Prof. J. Chris Coetzee het die onlosmaaklike verband tussen lewensbeskouing en opvoeding soos volg omskryf:

„n Mens se beskouing oor die lewe bepaal ook sy beskouing oor die opvoeding. Daar is n innige en noodwendige verband tussen die lewensbeskouing wat n mens huldig en die opvoeding wat hy vir homself en vir sy kinders verlang.

„n Volk se beskouing oor die lewe bepaal ook sy beskouing oor die opvoeding. Daar is n innige en noodwendige verband tussen die lewensbeskouing wat die volk huldig en die opvoeding wat dit vir sigself en vir die jeug verlang.

„Dit is twee mekaar aanvullende stellings wat ons deur die Geskiedenis van die opvoeding dwarsdeur die eeue heen geleer word." (2)

Ooreenkomstig bepaalde lewensbeskouinge is daar in wese dan net twee soorte beskouinge van die opvoeding te onderskei : n teosentriese en n menssentriese. Lewensbeskouing is dan grondbepalend vir alle opvoedingsvraagstukke, ook in die benadering en beoordeling van die kleuterskoolgedagte in sy wydste sin.

b. DIE BEGINSEL VAN OUERLIKE VERANTWOORDELIKHEID:

i) Jonkman definieer opvoeding as „ . . . de doelbewuste vorming van den jongen mensch tot een persoonlikheid, die er naar streeft zijn taak als mensch te vervullen in alle verhoudingen, waarin hy staat." (3)

In/.....

-
1. de Hovre, F. : „Paedagogische Wysbegeerte", pag. 7.
 2. Coetzee, prof. dr. J. Chris. : „Die Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding", pag. 5.
 3. Jonkman, H. , A. seun : „De Opvoeding van den Kleuter", pag. 7.

In die geboorte van 'n kind uit en vir die ouer lê finaal gegrond die besondere natuurlike band en verhouding tussen die volwassene, die selfstandige, die volgroeiende, die rype enersyds en die onvolwassene, afhanklike, hulpelose, groeiende, onrype wat vir opvoeding ontvang word andersyds. In die natuurlike drang om te voed, vorm, te lei lê dan ook die begin van alle daadwerklike opvoedingshandelinge opgesluit. En die natuurlike drang tot ouerliefde sterf nie, maar handhaaf sig te alle tye en onder alle volkere. In die aanvaarding van die deur liefde gedronge opvoeding van die onvolwassene deur die ouer is die aanvaarding van verantwoordelikheid gegrond. Die ouer is primêr verantwoordelik vir die opvoeding van sy kind.⁽⁴⁾ Dit is dan ook 'n beginsel wat, gesien die maatskaplike reëling van formele onderwys vandag, in besondere mate die opvoeding van die voorskoolse kind ten grondslag lê.

Die beskouing van die oorspong en wese van hierdie beginsel verskil ook weer ooreenkomstig bepaalde lewensbeskouinge. Die gelowige, die Afrikaner-Christen aanvaar hierdie primêre opvoedingsituasie as skeppingsdaad en die gepaardgaande plig as opdrag van God; die ouers, as skepsele Gods en Verbondskinders, word geroep tot gehoorsame volvoering van 'n deur God opgelegde opvoedingstaak.⁽⁵⁾ In wese hou dit vir die gelowige in dat hy persoonlik voor God verantwoordelik staan vir alle opvoeding van die kind wat deur God aan hom gegee is. Dit impliseer die grond van die verantwoordelikheid van die ouer vir die gees en rigting van die opvoeding en onderwysing van sy kind.

ii) Uit die Skrif leer ons ook die bepaalde inhoud van

Gods/.....

-
4. Jonkman, H. , A. seun : „De Opvoeding van die Kleuter“, pag. 13 verder. Vgl. verder ook:
 Coetzee, prof dr. J. Chris. : „Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde“, pag. 361.
 Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Die Gereformeerde Beginsels en die Onderwys in Transvaal“, pag. 61.
 Waterink, dr. J. : „Theorie der Opvoeding“, pag. 13.
5. Vgl. Greyling, dr. E : „Die Ouer en die Opvoeding“, in „Koers in die Krisis“, pag. 359 verder.

Gods opdrag aan die mens ken:

1. Die kinders moet opgevoed word in die kennis en vrese van die Here. (Deut. 6);
2. die geskiedenis van die volk as ontplooiing van die raadsplan Gods moet aan die kinders en kindskinders as Verbondskinders ingeskerp word (Ex. 10 : 2; 12 : 26; 13 : 14; Josua 4 : 6, 21; Ps. 78 : 1 - 8).

Godsdienstige en nasionale opvoeding is dadelik as die twee hoofmomente van die ouerlike opvoeding te onderskei:

iii) In die wese en inhoud van die opdrag Gods en in die Doopsbelofte⁽⁶⁾ lê dan ook verskuil bepaalde eise wat aan die ouer gestel word:

1. Alle opvoeding moet tot eer van God geskied;
2. die opvoeding moet in die eerste plek binne die huislike en volksverband geskied;
3. die ouer as eerste verantwoordelike moet self die inisiatief vir die opvoeding neem. Dit hou in dat die ouer ook self enige noodsaaklike bykomstige of aanvullende opvoeding tot betere vorming van sy kind as skepsel Gods moet daarstel sonder om self die verantwoordelikeheidsbeginsel te ontduik of verkrag. Maar dit bring ook mee dat die ouer as primêr verantwoordelike nie koud of neutraal mag staan teen enige bykomstige of aanvullende opvoeding wat in wese, direk of indirek, sy verantwoordelikheid verkrag nie, die gees en rigting van sy huis, bepaal deur sy besondere lewens- en wêreldbeskouing verlê of wil verlê nie. „En wat nou van die uiterste belang is, is dat die gees en rigting wat sy hele optrede (die van die onderwyser) bepaal ten nouste moet aansluit by en moet harmonieer met die gees en rigting van die ouerhuis waaruit die kind in sy klaskamer afkomstig is.”⁽⁷⁾

Die/.....

-
6. Die Doopsbelofte vervat in die Doopsformulier volgens gebruik in die drie Afrikaanse kerke, soos opgeneem in die Psalmboeke van hierdie kerke.
 7. Redaksie van die „Kerkblad” : „Kinders moet volgens doopsbelofte onderrig word”, n verslag van n toespraak gehou deur prof dr. J.H. Kroeze; „Die Kerkblad” 63ste jaargang, no. 1593. 19 April 1961.

Die bykomstige opvoeding moet aanvullend naas die ouer staan.

4. „Die kinders is slegs aan die ouers geleen, dit is gegewe goed, waarvan rekenskap geëis sal word."

(8) Dit bring mee dat die ouer aan sy kind die ~~die~~ beste sal gee, die beste geleenthede sal skep, tot sy vorming en opvoeding as Goddienende skepsel, nie terwille van die ouer of kind self in die eerste plek nie, maar tot eer van God. Die inrigting van die huislike lewe en opvoeding ter wille van stoflike gewin op so n wyse dat dit tot voordeel van die ouer self, of tot bevrediging van persoonlike begeertes en drange, in die eerste plek sal strek, moet dus as n flagrante verkragting van die beginsel van ouerlike verantwoordelikheid in die opvoeding beskou word en dus as n Godonterende huislike organisasie aanvaar word. Die reg van die ouer oor sy kind moet steeds n twee-eenheid vorm met die deur God opgelegde plig van die ouers. Die ouers is dus eers vry om te besluit oor sy kind se opvoeding as dit staan in die lig van Gods opdrag. Die ouers is daarom dan eers vry om allerlei soorte werk, en dan veral die moeder, buite die huis te aanvaar, as dit in die lig van die verantwoordelikeheidsbeginsel verantwoord kan word.

5. Deeglike Godgerigte opvoeding eis van die ouer dat hy ook sy kind as voorwerp van die opvoeding sal ken, in die eerste plek as n in-sonde -ontvang-en-gebore-skepsel.

iv) God rus egter ook die ouer besonderlik toe om die opvoedingstaak te volvoer. Behalwe stoflike en geestelike gawes aan die ouer te skenk, het Hy in die huis n besondere opvoedingstruktuur verordineer:

1. Hy het die natuurlike eenheidsband tussen die vader, moeder en kind as grondslag van die huis volgens sy skeppingsordinasie gelê;
2. Hy het in die huis die natuurlike omgewing en tuis-te gegee waarin die kleine sekuriteit, voeding en opvoeding/.....

8. Redaksie van die „Kerkblad" : „Kinders moet volgens doopsbelofte onderrig word", n verslag van n toespraak gehou deur prof. dr. J.H. Kroeze; „Die Kerkblad" 63ste jaargang, no. 1593, 19 April 1961.

opvoeding mag geniet en ook die grondslae van die sosiale ontwikkeling van die kind gelê word;

3. Hy het in hierdie struktuur die natuurlike gesagsverhouding, ingebed in die natuurlike liefde, onvergelykbaar met enige ander opvoedingsvorm, verordineer as rigtende faktor in die opvoeding.
(9)

Hieruit is dit duidelik dat die gesinstruktuur sodanig verordineer is dat die ouerhuis in praktiese sin die mees invloedryke faktor is in bepaling van die fisiese en geestelike groei van die voorskoolse kind by uitstek: daar is die bepaalde verhoudinge tussen die gesinslede onderling; die bepaalde opset van die omgewing, in die huis en onmiddellik rondom; die organisasie van gesinshandelinge en gewoontes, taalgebruik, emosionele en sosiale situasies en verbande: „The foundations of growth and the beginning of personality development are laid while the child is still under the guidance of the home“(10)

v) n Ernstige beklemming lê egter ook aan die wortel van alle opvoeding, ook die huislike: Die gelowige aanvaar uit die Skrif ook dat die mens n wese is wat in sonde ontvang en gebore is (Vgl. bv. Genesis 3 en 4 en Ps. 51 : 7). Deur die sonde is die beeld van God in die mens verduister.
(11) Die ouer is daardeur geneig tot versaking van sy opvoedingstaak, soos in die verval van die huisgesin en die miskenning van die goddelike amp van die ouers veral in die moderne tyd duidelik weerspieël word. So het ondersoekinge in die twintigerjare van hierdie eeu in Amerika aan die lig gebring dat ouers nie suksesvol was en is om hulle verantwoordelikhede t.o.v. die versorging en opvoeding van hulle kinders/.....

9. Vgl. ook Greyling, dr. E. : „Die ouer en die opvoeding" in „Koers in die Krisis", pag. 395 verder.

10. National Society for the Study of Education" : XXVIIIth. Yearbook „Preschool and Parental Education", pag. 67.

11. Vgl. bv. Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde.", pag. 287.

kinders die hoof te bied^{nie} (12) Maar ook die veldtog wat die kerke hier te lande reeds in 1946 vir die behoud van die huisgesin geloods het, (13) asook die navorsinge en bevindinge van die Kommissie van Onderzoek insake die Gesinslewe wat in 1951 deur die drie Afrikaanse kerke benoem is met die opdragte van 'n wetenskaplike ondersoek na die gesinslewe van die Afrikaner en die formulering van 'n gesinsbeleid, (14) asook die reëling van 'n gesinsjaar in 1960 en 'n gesinskongres te Pretoria in April 1961 (15) en sovele nuusbladberigte van egskeidings en die toenemende verskynsel van werkende moeders dui onteenseglik op toenemende voorkoms van verkragting van die verantwoordelikeheidsbeginsel deur dekadensie van die huisgesin. Die grondoorsaak moet in die ongehoorsaamheid van die mens aan die verordeninge van God gesoek word.

Allerweë gaan dan ook vanuit Christelike oord die groep op om terugkeer tot die Skrifbeginsels in die huis en die verhoging van die gehalte van die gesinslewe. Moderne Westerse State het in die verval van die huisgesin die bedreiging van voortbestaan van die nasie gesien en dan ook metodes toegepas tot behoud en versterking, soos gereken word, van die huis as hoeksteen van die volksgebou:

- a. Op allerlei wyses is sosiaal-ekonomiese toestande deur bv. beter behuising, diensvoorwaardes, hoër salarisse, ens., probeer verbeter;
- b. welsyns- en gesondheidsdepartemente is daargestel en allerlei Opvoedkundige organe, vereniginge of agente is ontwikkel en uitgebou om die huislike opvoeding aan te vul of vervang;

c./.....

-
12. National Society for the study of Education : XXVIIIth Yearbook „Preschool and Parental Education“, pag. 70.
 13. Marais, W.D. : „Die Vormende Invloed van die Gesin op die Ontwikkeling van die Kind“, lesing gehou voor die A.C.V.V. - kongres op Cradock, Okt. 1946; N.P.-14274/4/47; pag. 3.
 14. du Preez, prof. dr. D.C.S. : „Gesinsjaar, Gesinskongres en Gesinsbeleid“, in die Kerkblad, 62ste jaargang, nr. 1585 van 22 Februarie 1961.
 15. Vgl. die brosjure „Aankondiging van die Gesinsjaar en Gesinskongres“ van die Beheerkomitee onder voorsitterskap van dr. W.M. Nicol.

c. kanale vir voorouerlike en ouerlike opvoeding is daargestel. Ook hier te lande het 'n Afdeling vir die Opvoeding van Volwassenes onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ontstaan.

vi) In die lig van die wese en eis van die beginsel van die ouerlike verantwoordelikheid moet hier egter ook op enkele riglyne gewys word t.o.v. enige staats- of maatskaplike reëling wat daarop gemik is om die peil van huislike lewe en opvoeding te verhoog:

1. Die huisgesin moet steeds as goddelike instelling met 'n goddelike opdrag opgevat word en gehandhaaf word. Dit is fundamenteel. Geen grondbeginsel t.o.v. die huislike opvoeding kan en mag dan uit feitelike situasies of omstandighede afgelei of aanvaar word nie.
2. In die lig daarvan het dan selfs die staat en die maatskappy die roeping om die huis in sy sondeverval te help terugplaas op sy beginselgrondslag. Enige bykomstige hulp moet daarop gerig wees om die verantwoordelikeheidsbeginsel te versterk. Die willekeurige aanvaarding van werk buite die huis, van watter aard ook, van moeders met klein kindertjies, en veral kinders in hulle vormingsjare, moet deur staat en maatskappy as sondige verlegging van die taak en roeping van die huis teëgewerk word. Die omvang van die werk of bykomstige werk van vaders moet in dieselfde lig gesien word.

c. DIE NASIONALE BEGINSEL IN DIE OPVOEDING:

i) Aparte volkere met eie nasionaliteit is Godgewilde werklikheid, en moet gesien word teen die agtergrond van verskeidenheid in die eenheid van Gods skepping:

„Het bestaan van volkeren, ieder met een eigen, naar het type van het volksverband, is overeenkomstig de ordeningen, welke God voor het leven heeft gegeven.”

„Nergens in die Schrift word het bestaan van onderskeiden volkeren voorgesteld als iets, dat in zichzelf niet goed is. . .” (16)

Waterink/.....

Waterink kom tot die gevolgtrekking dat die nasionale gevoel wel bestaan en dat die finale grondslag rus „in het objektiewe feit van het gezag Gods, waarvan het gezag van de overheid uitdrukking is en anderzijds in de, krachtens scheppingsorde in de mens aanwezige behoefte om zichzelf te beleven als lid van een natie." (pag. 542). Die nasionale eenheid lê objektief in die gezag Gods en subjektief in die nasionale besef (pag. 546).

Onder 2 hierbo het ons reeds uit die Skrif geleer dat die nasionale opvoeding, naas die godsdienstige en gegrond daarin, opdrag van God aan die ouer is. Die twee elemente wat allermees tot eenheid bind in daardie opvoeding is die eie taal en eie geskiedenis.⁽¹⁷⁾

ii) Dit gee aan hierdie opvoeding bepaalde inhoud en stel aan opvoeders bepaalde eise. Wat nasionale opvoeding in wese behels is deur die Provinsiale Onderwyskommissie van die Oranje-Vrystaat (1951) soos volg mooi omskryf:

„Vir die opvoeding beteken nasionale liefde vir en waardering van die volkseie - die godsdiens, die kultuur wat uit eie bodem gegroei het, liefde vir 'n eie taal, wat moet dien as die medium van die onderwys, en vir 'n eie enigste vaderland. Die nasionale beginsel in die onderwys is nie Chauvinisties of isolasionisties nie en sluit waardering vir die internasionale nie uit nie. Dit bly egter 'n onweerlegbare feit dat opvoedkundiges oor die hele wêreld die nasionale beginsel in die opvoeding nie alleen as vanselfsprekend aanvaar nie, maar ook van die uiterste belang beskou.

Verontagsaming van die nasionale beginsel in die onderwys moet lei tot die ontwikkeling van 'n volk wat 'n onnasionale of neutrale stempel dra en aan wie noodwendig 'n minderwaardigheidsgevoel moet kleef wat hom in alle internasionale aangeleenthede sal openbaar. . . . Saam met die Christelike beginsel moet hy dus dien om die hele gees en rigting van die skool in al sy aktiwiteite, binne- sowel buitemuurs te bepaal om te verseker dat die kind opgevoed word na sy eie aard, dat hy hom liefde en waardering vir die kultuur wat uit eie bodem gegroei het, gekweek en ontwikkel word en dat die geskiedenis van die lotgevalle van sy eie volk, hulle stryd en hulle strewe wat gebore is uit en gestu word deur hulle heiligste oor-

tuigings,/.....

17. Waterink, dr. J. : „Theorie der Opvoeding", pag. 546.

oortuigings, vir hom 'n onvervreembare besitting bly."(18)

iii) In Suid-Afrika bestaan egter 'n praktiese situasie van twee hoof blanke bevolkingsgroepe met twee kulture langs mekaar; wat t.o.v. diepgewortelde verskille in godsdienstige opvattinge en agtergrond, reeds dikwels tot bittere beginselstryd oor die nasionale beginsel in die opvoeding aanleiding gegee het. Ons sluit opsommenderwys in beginsel aan by die stelling van die reeds aangehaalde Onderwyskommissie in dié verband:

1. Daar bestaan tussen hierdie twee blanke bevolkingsgroepe veral duidelike (en mag ons byvoeg Godgewilde) verskil in lewens- en wêreldbeskouing, verskil in twee aparte kulture gegroei uit twee verskillende volkstradisies, sodat die eenheid van strewe waarna deur sommige uit beide bevolkingsgroepe naastiglik gestreef word, nog nie bestaan nie. Die teenstanders van die nasionale beginsel in die onderwys hou dus nie rekening met die werklikheid nie. (par. 41.)
2. Hierdie verskille is dermate diep gewortel dat dit nie deur die opvoeding in die skool alleen uitgewis kan word nie. (par. 42.)
3. Vir die swakker inheemse kultuur bestaan daar altyd die gevaar van oorheersing deur die ouere en sterkere kultuur wat moet lei tot desintegrasie en denasionalisering, soos male sonder tal uit die geskiedenis van Suid-Afrika geleer kan word. (par. 38)
4. Die nasietrots en -eenheid bestaan in en gedy deur die nastrewe en vertroeteling van dieselfde geestelike waardes (par. 39).

iv) In die lig van die besondere plek en taak van die huis, die gesin, die ouer in die volkstruktuur, geld die beginsel van die nasionale opvoeding in wese eerstens die huislike opvoeding:

„Die/.....

„Die sosialiseringsproses in die gesin het 'n tweeledige doel, enersyds die behoud en voortplanting van die kennis, gewoontes, waardes en tradisies van die volk of gemeenskap en andersyds die ontwikkeling van die persoonlikheid om 'n bydrae tot die verdere ontwikkeling van die kennis en tradisies van die volk of gemeenskap te lewer.“⁽¹⁹⁾

v) Die Nasionale beginsel in die opvoeding bring egter ook mee dat die owerheid, as hoogste gesag in die volkslewe, mede-verantwoordelikheid vir die jeug van die volk moet aanvaar.

d. DIE BEGINSEL VAN DIE KINDEREIS:

i) Die kind van 2 tot 6 jr. is oor die algemeen geneem, ook hier in Suid-Afrika, die uitgangspunt van die kleuteropvoeding. Opvoedkundiges is dit eens en groot opvoedkundige strominge het dit uitgewys dat geen opvoedkundige beskouing gehuldig kan word alvorens nie 'n duidelike uitspraak oor die voorwerp van die opvoeding gegee is nie.⁽²⁰⁾

Die vrae na wie en hoe die voorwerp is, staan in die sentrum van die grondvrae van die opvoedkunde. Op die grondvrae oor die kind gee verskillende lewensbeskouinge verskillende antwoorde en sal die Afrikaner ooreenkomstig sy belydenis 'n eie kenmerkende antwoord gee.⁽²¹⁾

ii) Na wat daar prinsipieel mooi in dié verband uiteengesit is deur veral proff. Coetzee en Waterink en wat deur wetenskaplike ondersoeke veral in hierdie eeu na die siel van die kleuter blootgelê is, word vir die doel van hierdie studie slegs op die volgende gewys:⁽²²⁾

a./.....

-
19. Pauw, prof. dr. S, in oorleg met dr. J.J. van Rooyen: „Die Gesin as Instelling en Volkskern“, artikel in „Lantern“, jaargang IX, nr. 4, April - Julie 1960, pag. 29.
20. Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Die Eerste beginsels van die Calvinistiese Opvoeding“, pag. 13.
- de Hovre, F. : „Paedagogiesche Wysbegeerte“, pag. 9.
21. Coetzee, prof. dr. J. Chris : op cit., pag. 13 verder.
22. Behalwe vir die reeds aangehaalde werk van Coetzee en Waterink vgl. ook (a) National Union of Teachers: „Nursery Infant Education“, pag. 62 - 70. (b) Horwich, Francis : „Curriculum for Nursery Schools and Kindergartens“, pag. 1 - 16. (c) National Society for the Study of Education : „Preschool and Parental Education“, pag. 45 verder. (d) Langeveld, dr. M.J. : „De Opvoeding van Zuigeling en Kleuter“, pag. 46 verder. (e) Bühler, prof. dr. Karl : „Overzicht van de Geestelijke Ontwikkeling van het Kind“.

- a. Uit hoofde van die sondige aard van die mens en in die lig van die eis aan die kind neergelê in die vyfde gebod (Gen. 20) is die kleuter nie algenoegsaam, algoed nie, selfs in sigself geheel-en-al bedorwe en nie in staat tot selfvorming of opvoeding nie. Uit homself kan die kleuter daarom geen eise stel nie. Die kindereis is n Godgegewe eis na die vir vorming deur God ingelegde behoeftes en vermoëns van die kleuter. Dit raak in wese ook die gesagsverhoudinge in die kleuteropvoeding.
- b. Die tydperk van geboorte tot 7 jaar is n deurslaggewende tydperk in die volle fisiese en karakter- en persoonlikheids groei van die kleuter,⁽²³⁾ waarvan, veral deur die ouer, deeglik kennis geneem moet word. In hierdie lewens tydperk is oor die algemeen afgrensbare stadia in die ontwikkeling te onderskei: die suigelingsjare (0 - 2 jaar), die peuterjare (2 - 3 jr.) en die eintlike kleuterjare (4 - 6/7 jaar). Die volgende belangrike feite dring t.o.v. hierdie lewensstadia na vore:

1. Tot die derde lewensjaar is die kleuter hoofsaaklik nog gebonde aan die wêreld van sy ego, sy moeder en sy huis. Eers na die derde lewensjaar begin die hele lewensmilieu van die ontwikkelende persoonlikheid sig verbreed en betree die klein die „beginning of the age of discovery what the world is like, how the people around oneself behave, and what leads to what.”⁽²⁴⁾
2. Die tydperk van 4 tot 6 jaar is by uitstek n tydperk van vatbaarheid vir godsdienstige, verstandelike, emosionele/.....

23. Kyk voetnoot 22 en vgl. ook: Nel, dr. B.F. : „Waarom Kleuterskole - en veral Afrikaanse Kleuterskole?”. artikel in „Koers”, Deel IX, nr. 1. Aug. 1941, pag. 1 - 7.

24. Horwich, Francis : „Curriculum for Nursery Schools and Kindergartens”, pag. 30.

emosionele en sosiale beïnvloeding. In hierdie tyd vind n kragtige openbaring en uiting van die weetdrif en fantasie plaas op plastiese wyse openbaar in die intensiewe spel.

Maar dit is ook jare van gewenning; deur sy behoefte aan orde en reëlmaat word vir die kleuter sekuriteit geskep; hy openbaar n behoefte aan dissipline.⁽²⁵⁾

Van nou af raak die kind ook gevestig in sy aangetrokkenheid tot ander kinders; hy begin die vermoë ontwikkel om sy deel tot groephandelinge by te dra en groei almeer weg van die strenge egoïsme wat veral die peuterjare gekenmerk het; hy wil nou al meer met sy maats van sy eie ouderdom speel, maar steeds binne die klein groepie.

3. Hoewel kinders elkeen ooreenkomstig individueel teenwoordige groei- of ontwikkelingsfaktore rypheid vir formeel skoolse onderrig bereik, word die sesde lewensjaar algemeen gereken aanvaar as die ouderdom waarop die kind formele onderrig moet begin ontvang.⁽²⁶⁾

Uit die voorafgaande uiters beknopte oorsig is dit af te lei dat:

1. God dit deur die ingelegde aard van die kind so wil dat hy ten minste tot sy derde lewensjaar uitsluitlik binne die grense van die huis en huisgesin sal verkeer;
2. die opvoedingsmilieu eers na die derde en veral die vierde lewensjaar geleidelik verbreed mag word, en dan informeel verbreed moet word.

iii/.....

25. Vgl. bv. Ministry of Education and Ministry of Health, Great Britain: „Not Yet Five", pag. 4.

26. Vgl. bv. Snyman, prof. dr. J.J. : „Die Wese en Grense van die Primêre Skool", Inougurele Rede; bylae tot „Koers" dl. XXII, nr. 1 van Aug. 1954.

iii) Die opvoedkundige implikasies van die kindereis dui dan andermaal op die geweldige omvang en intensiteit van die oerlike verantwoordelikheid. En gesien teen die hele agtergrond van die huidige lewenssituasie hier te lande, en dan veral in die groot stede en dorpe, moet enersyds aanvaar word dat n groot aantal ouers hulp en/of leiding nodig het t.o.v. die opvoeding van hulle kleuters na die besondere eise en andersyds moet neergelê word dat geen prinsipiële besware daarin gevind kan word as ouers deskundige hulp en/of leiding, binne die raamwerk van die beginsel van verantwoordelikheid, inroep met die doel om hulle kleuters, di. soos hierbo geskets, ten beste te toog nie.

e. DIE BEGINSEL VAN EENHEID IN DIE OPVOEDING:

Vir die Christen bestaan n lewenseenheid finalitêr in die religieuse: uit God en deur God en tot God is alle dinge.⁽²⁷⁾ Kragtens die eenheid van Gods verordining is die mens dan ook geroepe om dié eenheid in al sy lewensverbande te beleef tot harmoniese ontplooiing as God-in-allesdienende skepsel.

Dit bring vir die opvoeding die besondere taak mee om die kind dié eenheid tussen sy verskillende lewensverbande harmonies te laat beleef in die lig van n eenheidsbeskouing. In sigself mag die opvoeding van die mens dan nie teenstrydige elemente huisves nie en daarnaas moet in die gang van die opvoeding eenheid bestaan van lewensterrein tot lewensterrein en van lewenstydperk tot lewenstydperk. In praktiese sin beteken dit dat één gees en rigting moet bestaan tussen huis en skool en universiteit en volwasse opvoeding:

„ . . . ons/.....

27. Vgl. Waterink, dr. J. : „Theorie der Opvoeding“, pag. 11 -

„ . . . ons glo vandag en alle opvoedkundiges neem dit aan, dat die skoolatmosfeer dieselfde moet wees as die ideale atmosfeer in die huisgesin." (28)

2. BEOORDELING VAN DIE KLEUTERSKOOLO IN SUID-AFRIKA:

In die lig van die voorgaande beginsels sal nou getrag word om die kleuterskool vir blankes in Suid-Afrika, soos beskryf in hoofstuk III van hierdie verhandeling, te beoordeel.

a. Die grondslae van die kleuterskoolbeweging is in breë trekke dié van die „nuwe" opvoeding, waaruit die moderne kleuterskool in wese gebore is en daardie grondslae is onversoenbaar met die histories Christelike opvoeding. (29)

b. Die mensbeskouing van die kleuterskoolbeweging is in die lig van sy grondslae diesseitig, humanisties en oorwegend utilisties. Die kleuterpersoonlikheid staan skerp in die middelpunt, dra die hoogste waarde, en die sielkunde van die kleuter bepaal die wesentrekke van die kleuterskoolprogram. Daar word slegs aanspraak gemaak op die regte van die kleuter en weinig of geen klem gelê op sy aard en beperkinge as sondige mens en sy verpligtinge na die eise van Gods wet nie: Dit mis die opvatting van die religieuse oorsprong en wese van die mens wat as verbondskind opgevoed moet word tot gehoorsaamheid. Daardie privaat, nie-geregistreerde kleuterskool wat dan om eie gewin in die lewe geroep is en daarom hoofsaaklik die kleuter sien as voorwerp of bron van materiële voordeel, moet op daardie gronde alleen reeds verwerp word.

Dit is ook duidelik dat kinders van twee te onderskeie

lewenstydperke/.

28. Nel, dr. B.F. : „Waarom Kleuterskole - en veral Afrikaanse Kleuterskole?", artikel in „Koers", deel IX, nr. 1, Aug. 1941, pag. 7.

Redaksie van die „Kerkblad": „Kinders moet volgens doopsbelofte onderrig word", n verslag van n toespraak deur prof. dr. J.H. Kroeze; „Die Kerkblad", 63ste jaargang, nr. 1593, 19 April 1961.

29. Coetzee, prof. dr. J. Chris. : „Die Moderne Opvoeding", pag. 36.

lewenstydperke onder die benaming „kleuters" in die Suid-Afrikaanse kleuterskool betrek word. In die lig van wat reeds deur ondersoekinge op die gebied van die kindersielkunde in hierdie eeu blootgelê is en in I(4)hierbo beknop gestel is, moet die naam „kleuter" vir die kind van 2 tot 6 jr. nie alleen verwerp word nie maar die gebruik om tweejariges tot die kleuterskool toe te laat as onopvoedkundig verwerp word. Dit is teen die Godgegewe aard van die kind om op daardie stadium in die grotere sosiale milieu in gedwing te word. Selfs die derde lewensjaar moet as 'n oorgangstydperk beskou word, sodat enige verbreding van die sosiale belangstelling of kontak op daardie stadium versigtig en geleidelik moet geskied. In die verslag van die National Union of Teachers lees ons o.a. ook:

„Witnesses, though not dogmatic on the point, were generally of the opinion that some two year olds were not sufficiently developed psychologically or emotionally to be in the nursery school and suffered more from being separated from their mothers than they gained." (30)

Die hele argument teen die toelating van tweejariges word versterk as die lengte van die skooldag, die tyd waarop die skool begin en die afstand tussen huis en skool in aanmerking geneem word. Dit wil egter voorkom of die gebruik hier te lande om tweejariges toe te laat nie op suiwer opvoedkundige oorweginge geskied nie, maar op grond van sosiale en maatskaplike omstandighede in bepaalde gevalle, wat op grond van die beginsel van ouerlike verantwoordelikheid nie aanvaarbaar is nie.

Daarnaas moet in gedagte gehou word dat die hele tydperk tot die sewende lewensjaar nog oorwegend 'n tydperk van individualisering van die kleuter is. (31)

Die/.....

30. National Union of Teachers: „Nursery Infant Education", pag. 30.

31. Coetzee, prof. dr. J. Chris. : „Inleiding tot die Algemene teoretiese Opvoedkunde", pag. 297.

Die groot sosiale omvang, kontak en belewing is nie na sy aard eerste behoefte van die kleuter nie.

c. By die Suid-Afrikaanse kleuterskool, dan veral oorwegend Engelse, Afrikaanse en Engels-Afrikaanse kleuterskole, en by die hele kleuterskoolbeweging in Suid-Afrika is daar dan ook geen openlik verklaarde hoër oogmerk met die kleuteropvoeding as net die ontwikkeling van die persoonlikheid van die kleuter om sigself vir hierdie aardse lewe nie. Die oorwegende klem val in die hele kleuterskoolgedagte en -program op voortdurende aanpassing van die kleine aan die omstandighede en behoeftes van die samelewing. Die ontwikkeling van geïntegreerde persoonlikhede word beoog deur reeds op 'n vroeë stadium gesonde grondslae daarvoor te wil lê, maar daar word nie rekening gehou met die lewensbeskouing, die gees en rigting van die ouerhuis binne sy bepaalde godsdienstige en kulturele verbande nie. Dit alleen lê 'n ernstige teenstrydigheid tussen opvoedkundige teorie en praktyk van die kleuterskool in Suid-Afrika en moet in die lig van die eenheidsbeginsel in die opvoeding deur die gelowige as opvoedkundig onhoudbaar verwerp word.

Dit is te waardeer dat die kleuterskool beoog om in noue voeling met die ouerhuis saam te werk, lg. op hoogte te wil hou en daarmee saam die ouer wat dit benodig te wil voorlig, opvoed en die peil van huislike opvoeding te help verhoog. Die gevaar bestaan egter dat in die praktyk hierdie oogmerke nie ten volle tot hulle reg mag kom nie om praktiese reëlings en situasies en die kleuterskool also die vernaamste rigtende en bepalende faktor in die kleuteropvoeding bo die huis mag word, in stryd met die beginsel van ouerlike verantwoordelikheid.

d. Daar is bepaald veel te waardeer in die sielkundig gegronde informele aktiwiteite en geleenthede van die kleuterskoolprogram vir die vier tot sesjarige, waardeur doeltreffende aanvullende geleentheidsopvoeding voorsien kan word

en/.....

en gesonde sosiale verkeer met maats van die eie ouderdom en uit dieselfde geestelike verband daargestel kan word, wat die ouerhuis om klaarblyklike redes nie altyd kan voorsien nie en waardeur die kleuter informeel reeds voorberei word vir die in- en aanpassing in die formele skool. Ook moet gereelde mediese ondersoek en die aanleer van bepaalde gewoontehandeling in samewerking met die huis hulle voordele inhou, higiënies en maatskaplik. Die voorsiening van voldoende ruimte, vars lug en goed gekose en ontwerpte apparaat mag onder die regte leiding ook bepaalde ontwikkelingsvoordele inhou. Hierdie dinge hang egter baie nou saam met die hele organisasie van die program wat steeds teen die agtergrond van die beginsels soos onder I hierbo uiteengesit is gesien moet word.

Daarby moet op die stelling van prof. Coetzee gewys word dat belangstelling in een of ander aktiwiteit of ervaring nie 'n bevredigende vorm van die waarde van die aktiwiteit is nie, omdat die kind onryp en onervare is.⁽³²⁾ Alle belangstelling van die kleuter as sondige mens kan daarom nie sondermeer grondslag vir die program vorm nie, terwyl die belangstelling van die kleuter nie maar vrye teuels in die gebruik van bepaalde apparaat, ens. gegee mag word nie. Die waarde van aktiwiteite en geleenthede sal eerder lê in die beplande gerigtheid daarvan en die kontrole deur die opvoeder toegepas. Die beginsel van reg op absolute vrye uiting van die kleuternatuur word deur die Christen in die lig van sy lewens- en wêreldbeskouing verwerp. Kragtens die Godgegewe opdrag aan die ouer moet die kind tot die gehoorsaamheid aan die ouer en bowe-al aan God gelei en gevorm word.

Op grond van die verantwoordelikeheidsbeginsel van die
ouer,/.....

32. Coetzee, prof. dr. J. Chris. : „Die Moderne Opvoeding“, pag. 42.

ouer, die eerste en primêre funksies van die huis, moet die voeding d.m.v. n maaltyd by die kleuterskool en die gepaardgaande slaaperiode verwerp word. Die kleuterskool wil in wese slegs aanvullend en nie vervangend tot die huis optree nie. Voeding en slaap is prerogatief van die huis en daarvan saambindende kragte. Soos die Hemelse Vader sy kinders voed, so voed ook vader en moeder hulle kinders; soos die Hemelse Vader ook rus, vrede, kalmte beskerming bied, so ook bied die rus in die huis, met die bewuste nabyheid en sorg en liefde van die moeder (ouer) sekuriteit. Dit raak wesenlik die religieuse bestaan van die huisgesin en godsdienstige opvoeding van die kleuter; dit raak ook daarin wesenlik die gesag van die vader (en moeder) wat uit Gods genade sorg en instandhou, sy drieledige amp as geroepe skepsel vervul. So kry dié ete en die huisvestig van die huisgesin besondere waarde. Vervanging in die verband, al geld dit net een of twee etes, dui op verkragting van die religieuse karakter van die huis. Daarby is enige afwykinge in dié verband deur sosioloë as maatskaplike probleem van die moderne samelewing aanvaar in die eerste plek, en nie as n opvoedkundige nie, hoewel die aard van die rus en voeding in n besondere mate die opvoeding van n bepaalde individu moet beïnvloed. Die voeding van die kleuter deur die kleuterskool moet op prinsipiële gronde verwerp word. Dat die aanleer van enkele eetgewoontes en die uitskakeling van sporadiese eetprobleme by kleuters gewigtiger is as die beginsel wat betrokke is, is nêrens deur die kleuterskoolteoretici aangeraak of deur die kleuterskool spesifiek bewys nie.

e. Die Suid-Afrikaanse kleuterskool ^{vir} blankes tas in sy teorie en praktyk, sy benadering en sy program en die organisering daarvan, die godsdienstige en nasionale grondslae van die Christelike huis in sy wortel aan:

- i) Die standpunt en praktyd van meerderheid kleuterskole/.....

skole t.o.v. die Godsdiens in die kleuterskool moet vanuit Christelike standpunt as liberalisering van die opvoeding verwerp word. Uit hoofde van daardie standpunt is die mens nie net religieuse wese kragtens sy oorsprong nie, maar vorm die godsdiens en godsdienstige onderrig die grondslag van sy opvoedingsprogram en bepaal dit in wese die gees en rigting van die opvoeding. Vir die Christelike huis ver lê die Suid-Afrikaanse kleuterskool die eenheidsbeginsel in die opvoeding. n Godsdiens bo geloofsverdeeldeheid lê nie in lyn met die Christelike huis nie. Dié kleuterskool wat dan godsdienstige leiding en onderrig aanvullend tot die huis en Skrifgefundeerde gees en rigting links wil laat op grond van die argument dat dit verwarring in die gemoedere van kleuters uit huise van verskillende godsdienste mag veroorsaak, erken dat hy teenstrydighede tot neutraliteit wil reduseer, erken dat sy opvoedingsprogram geen hoër doel as die humane nastrewe nie en verkrag sy eie standpunt van aanvullend tot die ouerhuise van die bepaalde kleuter op te voed. So n skool wil die lewensterreine van die kleuter op n algemene erkende ontvanklike stadium skei en op die een n gees van neutraliteit handhaaf, wat in sigself al n lewenshouding impliseer radikaal teenstrydig met die Christelike. En is neutraliteit in die opvoeding ooit denkbaar? En kan die opvoeder, wat uit die aard van sy menswees n lewensbeskouing huldig, ooit neutraal staan teenoor die godsdiens? Prof. Coetzee sê:

„Opvoeding beteken in wese die inwerking van gees op gees, van persoonlikheid op persoonlikheid het. Selfs in die gevorderdste stadia van intellektuele ontwikkeling bly hy essensieel, hoeveel te meer nie so by die kind wat aan die begin van sy vorming en ontwikkeling staan nie!" (33)

En/.....

En watter verwarring moet dit juis nie in die kleutergemoed skep as die kleuteronderwyseres nie n met die huis gelykgesinde lewens- en wêreldbeskouing huldig nie?

Vir die gelowige Christen is die mens religieuse wese⁽³⁴⁾ en staan die godsdienstige opvoeding in die middelpunt van sy opvoeding.⁽³⁵⁾ Dit is dus geen sporadiese of toevallige opvoeding nie, maar n wesenstrek van die Christelike opvoeding. Die ouer is daarom besonder gesteld op wie sy kinders aanvullend tot die huis moet opvoed:

„Hy sien uit na iemand met n vaste, gelykgesinde lewens- en wêreldbeskouing, met n deugdelike persoonlikheid en met al die goeie eienskappe van n ideale mens." (36)

ii) Deur die beleid wat t.o.v. die „gemengde" inskrywings in die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaanse kleuterskool vir blankes en kleuterskoolbewegings toegepas word en deur die voertaalsituasies daarmee saam in organisasie geskep, word die nasionale beginsel in die opvoeding ernstig misken. Op die groot kerklike kongres gehou te Pretoria op 3 Desember 1942 is in referate met feite uit proefnemings afgelei dat die moedertaalskool, uit 'suiwer sielkundig-opvoedkundige oogpunt beskou, die enigste vorm van skoolinrigting is wat aan alle gesonde sielkundige en opvoedkundige eise voldoen en daarom het die vergadering dit as sy besliste oortuiging uitgespreek „dat die moedertaalmedium-skool op godsdienstige, sielkundig-opvoedkundige en nasionaal-kulturele grond gehandhaaf moet word." (37) En dit geld seer-sekerlik en in die/.....

34. Waterink, J. : „Theorie der Opvoeding", pag. 56.

35. Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding", pag. 30.

36. Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Beginnels en Metodes van die Laerskool", pag. 38.

37. „Die Transvaler" van 4/12/42 aangehaal deur Basson, M.A. : „Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese", pag. 104.

die eerste plek ook die kleuterskool wat aanvullend tot die huis wil opvoed, die huis waar die kleuter slegs één taal ken. Maar die meeste Suid-Afrikaanse kleuterskole verkrag in teorie en praktyk al drie bg. gronde, verwerp daarmee saam andermaal die eenheidsbeginsel in die opvoeding en gee voor as sou in elke kleuter wat hy betrek se huis dieselfde toestande heers as wat in die kleuterskole geskep word.

Eh is die kleutertydperk t.o.v. fisiese, verstandelike emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind van grondliggende belang, dan is dit ook vir die nasionale ontwikkeling van die kleuter van grondliggende belang. Dit is die tydperk:

„ . . . waarin die fondament van die kulturele vorming van die kind gelê word." (38)

Dan moet in hierdie tyd waarin selfs die kleuter nog by verre nie meester van sy eie moedertaal is nie, nie slegs uitsluitlik die moedertaal as voertaal gebruik word nie, maar ook die volkseie lied, speletjie, verhaal, ens. in die program opgeneem word.

Vermenging van kulture is vir die Christen in die lig van sy lewens- en wêreldbeskouing nie aanvaarbaar nie. Om die hele toestand te probeer regverdig uit n finansiële oogpunt is om die materiële omstandighede hoër as die lewensbeginsel te ag.

Dat die owerheid, wat medeverantwoordelik is vir die opvoeding van die kinders van die volk, deur regulasies en geldelike steun die bepaalde situasies wat nivellerend werk in baie kleuterskole in die land skep en/of toelaat en bevorder, moet betreur word.

ef. Voorts moet die velerlei stelsels van kleuterskole prinsipiël verwerp word. Inderdaad is dit so dat dié stelsels gesien moet word teen die agtergrond van die bestaande

stelsel/.....

38. Nel, dr. B.F. : „Waarom Kleuterskole - en veral Afrikaanse kleuterskole?", artikel in „Koers", dl. XI, nr. 1. Aug. 1941, pag. 7.

stelsel van neutrale staatskole in die land en die tot nog toe gehandhaafde beleide van die Provinsies t.o.v. kleuter-onderwys, maar onafwendbaar ook in die lig van bepaalde lewensbeskouings. Aanneemlikste van daardie stelsels in die lig van die beginsel van ouerlike verantwoordelikheid is die stelsel van ouergroep-skole met provinsiale steun (staatsteun)(Kyk Hfst. III, 6(a)), maar dit gee nog geen Christelik-Nasionale kleuterskole nie. Die oorwegende stelsel van private instansieskole, met provinsiale steun en beheer bevat wel 'n element van die „vrye groepskoolstelsel“, omdat die ouers bydra tot die opvoeding, maar moet op grond van die ouerlike verantwoordelikheid in die opvoeding verwerp word, omdat die eintlike stigting en beheer hierdeur nie direk-belanghebbende liggame behartig word, die skool also „van buite“ vir die ouer geskep word, dit vir die ouer beperkte of geen verteenwoordiging in die bepaling van die gees van die inrigting meebring; die ruimte bestaan in hierdie stelsel dan ook vir nie-opvoedkundige liggame om beheer te hê oor die opvoeding van die kind en vir die huis sy gees en rigting te bepaal en so die eenheidsbeginsel in die opvoeding geweld aan te doen.

Ook die stelsel van private instansieskole, sonder staatsteun, bevat 'n element van die „vrye groepskoolstelsel“ omdat dit 'n skool vir kinders van enersdenkendes is, maar weereens vir die ouer „van buite“ gereël en beheer word, teen die beginsel van ouerlike verantwoordelikheid indruis en soos die voorgaande in dié opsig 'n afskynsel van die staatskool is.

'n Stelsel van onderwyserskole of „eie-gewin“-skole moet ewe-eens op die beginsel van ouerlike verantwoordelikheid verwerp word en so ook die Munisipale-skoolstelsel wat slegs 'n staatskoolstelsel in die klein is. Om dieselfde rede moet 'n kleuterskool as integrale deel van 'n staatskoolstelsel verwerp word.

¶ 9. Daar kan verder op ander leemtes in die teorie en praktyk/.....

praktyk van die huidige Suid-Afrikaanse kleuterskool gewys word, soos dat dié skool gespesialiseerde diens aan ouers van die volk lewer of wil lewer met 'n groot getal onopgeleides of dat deur die lengte van die skooldag inbreek gemaak word op die ouerlike verantwoordelikheid maar die vooraangaande uiteensettinge bewys afdoende dat die Suid-Afrikaanse kleuterskool^{vir} blankes geen Christelik-Nasionale inrigting is nie, terwyl daar selfs van dié skole is wat nóg Christelik, nóg nasionaal is en vir die Calvinistiese Afrikaner onaanvaarbaar is.

3. ENKELE GEDAGTES OOR 'N CHRISTELIK-NASIONALE KLEUTERSKOOLO:

'n Volk se beskouing oor die lewe bepaal ook sy beskouing oor die opvoeding. Die Skrifgefundeerde lewensbeskouing van die Afrikaner lê sy Christelik-Nasionale opvoedingsbeskouing ten grondslag, en in die lig van die eenheidsbeginsel oorkoepel die alle opvoedingsvraagstukke, ook die kleuteropvoeding. (39)

In daardie lig moet dit dan met nadruk gestel word dat die gelowige Afrikaner die ouerhuis nog altyd as die eerste en vernaamste opvoedingsinstelling aanvaar het, vir die voorskoolse kind in besonder, en die ouers as die primêre natuurlike opvoeders. In die lig van die beginsel van ouerlike verantwoordelikheid mag daardie roeping ook nie sondermeer op ander afgeskuif word nie. Die normale, goed-toegeruste ouerhuis wat ruimte, ontwikkelingsmoontlikhede, genoegsaam na die beperkte sosiale behoefte omgang met enersdenkendes, lewende uit dieselfde lewensbeginsel, aan sy voorskoolse kinders bied, asook gelukkige, welopgevoede Christelike ouers, het geen behoefte aan selfs 'n Christelik-Nasionale kleuterskool nie.

Die/.....

39. Bingle, prof. dr. H.J.J. : "C.N.O.", referaat gelewer voor die 65^{ste} jaarvergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging; "Onderwysblad", dl. LXIX, nr. 753, Julie 1962, pag. 73.

Die gelowige aanvaar egter uit hoofde van sy sondige onvolkomenheid dat daar ook bepaalde omstandighede bestaan, veral in n tyd van toenemende lewenstempo en steeds vernouende lewensruimte, waaronder baie ouers nie geestelik of materieel toegerus is om hulle kleuters na die eis Gods in die doopbelofte op te voed nie, en in wie se geval die regte kleuterskool n aanvullende diens kan lewer.⁽⁴⁰⁾ Die kleuterskool sal n omstandigheidskool bly.

In die lig van die beginsels onder 1 hierbo uiteengesit, sal die vir die gelowige enigste aanvaarbare kleuterskool daardie een wees wat die volgende wesenstrekke vertoon:

1. Die Afrikaans-Christelike lewens- en wêreldbeskouing sal die grondslag daarvan vorm.
2. Die stelsel daarvan sal die Christelik-Nasionale stelsel van „vrye groepskole” wees, soos prinsipieel uiteengesit deur proff. Coetzee en Bingle.⁽⁴¹⁾
3. Dit sal n inrigting met Christelike gees wees en waarin die godsdienstige leiding van kleuters na hulle bevattingsvermoë in die sentrum van die opvoeding sal staan.
4. Dit sal uitsluitlik n moedertaalinrigting wees.
5. Die ouers sal n deel bydra, hoe gering ook in die geval van armes, tot die instandhouding van die inrigting, terwyl die staat ooreenkomstig die stelsel grotendeels verantwoordelik sal wees vir die geldelike laste en voorsiening van die gebou en terrein.

6./.....

40. Vgl. ook die F.A.K. : „Christelik-Nasionale Onderwysbeleid”, soos opgestel en uitgegee deur die I.C.N.O., Johannesburg, 1948.

41. Bingle, prof. dr. H.J.J. : „C.N.O.”, referaat gelewer voor die 65ste jaarvergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging; „Onderwysblad”, deel LXIX. nr. 753, Julie 1962, pag. 73.

Coetzee, prof. dr. J. Chris : „Die Gereformeerde beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937”, pag. 51 verder.

6. Die onderwyseresse sal n met die ouers gelykgesinde lewens- en wêreldbeskouing daarop nahou en aan n in gees gelykgesinde inrigting deeglik opgelei wees.
7. Dit sal informele opvoeding en onderrig aan kleuters van veral vierjarige ouderdom tot skoolgaande ouderdom uit gelykgesinde ouerhuise bied in n spesiaal daarvoor beplande gebou en ruim tuin vir hoogstens drie uur per dag, beginnende om nege-uur.
8. Die skool sal binne maklike bereik van kleuters wees wat hoofsaaklik deur hulle ouers gebring en gehaal moet word en wat in omvang hoogstens 40 na 50 kleuters sal huisves.
9. Dit sal in noue voeling met die ouerhuis opvoed, ouers op hoogte hou van bepaalde tendense in die gedrag en vordering van hulle kleuters en sal deur die organisasie van ouers in gemeenskap, ouers verplig om die inrigting periodiek te besoek.
10. Dit sal opsioneel wees, maar geen kleuters van moeders wat nie uit absolute nood werk nie huisves; terwyl die staat spesiale voorsiening sal maak vir kleuters uit ontwrigte huise, waar die huislike funksies weggeval het: slegs in laasgenoemde geval mag dit oorwegend n welsynsinrigting wees.
11. Dit sal n medies-toesighoudende en n opvoedkundig-aanvullende aspek vertoon, maar uit die aard van sy oogmerke by uitstek n opvoedkundige inrigting wees wat m.b.t. die administrasie en beheer deur die staat vir alle praktiese doeleindes by die departemente vir laer onderwys inskakel.

Daardie kleuterskool wat in teorie en praktyk absoluut/.....

luut daarop gerig sal wees om in die eerste plek die
beginsel van ouerlike verantwoordelikheid te handhaaf
en bevorder, is die enigste kleuterskool wat vir die
normale, christelike huis houdbaar sal wees.

-----ooOoo-----